**Sondag 25 Desember (Kersfees)**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 6:13-20**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 6:19 (OAV en NAV)**

## Kersfees – die beginpunt van ons Christelike hoop

*Christelike hoop* is nie ’n skoot-in-die-donker nie. Dit is ons “anker van die *siel*” (OAV), ons “*lewens*anker” (NAV). Van die Griekse woord *psuge*, wat ons in Afrikaans herken as *psige/psigies/psigologies* = gees, siel, asem, lewe.

’n Anker verbind die skip met, en hou dit vas aan, ’n vaste punt, gewoonlik die seebodem of die hawehoof. Ons Christelike hoop verbind ons met, en is vas agter (binnekant), die voorhangsel. Die *voorhangsel (gordyn)* het die heilige en allerheiligste afdelings van die Ou-Testamentiese tabernakel/tempel van mekaar geskei. Agter daardie gordyn het God (simbolies) onder sy volk gewoon. Daar het slegs die hoëpriester een maal per jaar ingegaan om Israel se versoeningsofferbloed teen die goue ark en op die grond uit te giet (Lev. 16:11-14).

Vandag, soos nog altyd, woon God in die hemel, nie meer simbolies in ’n mensgemaakte gebou nie. Dáár het Jesus, ons Voorloper, ingegaan, die hemel in, nadat Hy as Hoëpriester *sy eie bloed* aan die kruis op Golgota geoffer het as versoening vir al ons sondes. My Christelike hoop is die anker wat my (die skip) aan God verbind, vasgemaak aan die ewige lewe by Hom!

Dit alles sou egter nie gebeur het as Jesus nie éérs uit ’n vrou *gebore* was, sodat Hy as Mens vir ons sondes kon betaal nie. Vandag, op Kersdag, vier ons dus die beginpunt van ons Christelike hoop.

*Sing: Psalm 33-1:11*

*Ds. Johan Botha (Emeritus)*